



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

GRAAD 4

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

STEL 2: 2012 MODELVRAE

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle ontwikkel wat onderwysers vir Taal- en Wiskunde-onderrig kan gebruik. Die voorbeeldvraestelle is ontwikkel, gebaseer op die kurrikulum wat oor die eerste drie kwartale van die skooljaar strek. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA) vir elke graad. Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

2. Die struktuur van die voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesseer. Spesifieke inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Onderwysers en leerders sal dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar wat dieselfde spesifieke inhoud en vaardigheid teiken. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om op verskillende toetsitems te reageer.

3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), graad R tot 12, die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Hierdie dokumente, saam met ander dokumente wat deur 'n skool voorsien kan word, sal 'n ryk bron van bronnemateriaal vorm wat onderwysers in staat sal stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer.

4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Sorgvuldig geselekteerde individuele voorbeeldvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

- 4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.
- 4.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.
- 4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesseer of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.
- 4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets.

5. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het. Die tempo waarteen die werk in sekere skoolkwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklarings (NKABV).

7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoetse as deel van die onderwyshulpmiddels gebruik te maak, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende style en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis opdoen en vaardighede ontwikkel om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Asseseringstoetse.

Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die volgende vrae.

'n Sprinkaan het een somersdag, gelukkig, singend en tjrperend rondgespring. 'n Mier het verbygeeloop, en was besig om stukkie mielies na die nes toe te dra.

"Hoekom praat jy nie liewer met my nie," het die sprinkaan gesê, "in plaas van om so hard te werk?"

"Ek help om kos vir die winter bymekaar te maak," het die mier gesê, "en ek stel voor dat jy dieselfde doen."

"Hoekom moet ek oor die winter bekommerd wees?" het die sprinkaan gesê. "Ons het vir eers oorgenoeg kos."

Die mier het verder gestap. Winter het aangebreek en die sprinkaan het nie kos gehad nie. Hy was besig om van die honger te sterf. Die sprinkaan het gesien hoe die miere die mielies wat hulle gedurende die somer bymekaar gemaak het, onder mekaar deel.

1. 1.1 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Wat is die beste titel vir die storie?

- A Die mier.
- B Die insekte.
- C Die mier en die sprinkaan.
- D Die sprinkaan. (1)

1.2 Vul die ontbrekende woord in die oop spasie in.

Die mier het die _____ ontmoet. (1)

1.3 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Die sprinkaan het genoeg kos vir die winter gehad.

Maak 'n regmerk in die blok met die regte antwoord.

WAAR	ONWAAR
------	--------

Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

1.4 Dink jy dat die mier hardwerkend was?

Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

JA	NEE
----	-----

Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

1.5 Vul die ontbrekende woord in die oop spasie in.

_____maak stukkies mielies vir die winter bymekaar. (1)

2. 2.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord wat die mier se karakter die beste beskryf.

A selfsugtig

B lui

C hardwerkend

D roekeloos

(1)

2.2 Voltooi die volgende sin.

Die mier maak mielies gedurende die somer_____.

(1)

2.3 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Die sprinkaan het genoeg kos in die winter gehad.

Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

WAAR	ONWAAR
------	--------

Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

- 2.4 Dink jy dat die sprinkaan genoeg kos vir die winter gehad het?
Maak 'n regmerk in die blok met die regte antwoord.

JA	NEE
----	-----

Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____ (2)

- 2.5 Vul die ontbrekende woord in die oop spasie in.
Die mier het die kos vir die _____bymekeer gemaak. (1)

3. Lees die onderstaande rym en beantwoord die vrae wat volg.

Dertig dae in September,
April, Junie en November.
Al die res het een en dertig,
Behalwe Februarie wat net
ag en twintig het
en in 'n skrikkeljaar, nege en twintig.

- 3.1 Omkring die letter met die woord wat met *September* rym.

- A April
 - B Februarie
 - C November
 - D Junie
- (1)

- 3.2 Vul die ontbrekende woord in die oop spasie in.

_____rym met net. (1)

4. 4.1 Dink jy dat Februarie 29 dae elke jaar het?
Maak 'n regmerk in die blok met die regte antwoord.

JA	NEE
----	-----

Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

- 4.2 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.
September het 31 dae.
Maak 'n regmerk in die blok met die regte antwoord.

WAAR	ONWAAR
------	--------

Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

5. Die onderstaande rooster gee die naskoolse aktiwiteite wat by Simunye Primêre Skool aangebied word:

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
Krieketoefening	Atletiek	Kuns en Handwerk of Koor	Skaak	Krieketoefening
Onder 9 en 10				Onder 11 en 12
3:00–4:00	3:00–4:00	3:00–4:00	3:00–4:00	3:00–4:00
Skoolgrond	Skoolgrond	4A-Klaskamer	5A-Klaskamer	Skoolgrond

- 5.1 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Watter ouderdomsgroep oefen krieket op 'n Maandag?

- A Onder 7 en 8
- B Onder 9 en 10
- C Onder 13 en 14
- D Onder 11 en 12

(1)

5.2 Voltooi die volgende sin.
Kuns en Handwerk word op 'n _____ aangebied. (1)

5.3 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.
Krieketoefening vind een keer per week plaas.

WAAR	ONWAAR
------	--------

Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

5.4 Voltooi die volgende sin.
Op 'n Donderdag word skaak in die _____ aangebied. (1)

6. 6.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.
Watter twee aktiwiteite vind in die klaskamers plaas?

- A krieket en skaak
 - B kuns en handwerk/skaak
 - C skaak en atletiek
 - D koor en atletiek
- (1)

6.2 Voltooi die volgende sin deur die ontbrekende woord in te vul.
Al die onder 9 tot onder 12 leerders oefen _____.

(1)

7. 7.1 Omkring die letter wat vir die korrekte antwoord staan.
Identifiseer die byvoeglike naamwoord in die onderstaande sin.
Die meisie is mooi.

- A Die
 - B meisie
 - C mooi
 - D is
- (1)

7.2 Skryf die byvoeglike naamwoord in die oop spasie neer.

Die lemoen is baie soet.

(1)

7.3 Onderstreep die korrekte byvoeglike naamwoord in die onderstaande sin.

Thumi is die beste leerder in ons klas.

(1)

7.4 Onderstreep die korrekte voorsetsel in die onderstaande sin.

My kos is (op, in) die bord.

(1)

7.5 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Ek skryf _____ 'n pen.

A in

B met

C aan

D voor

(1)

8. Verbind die twee onderstaande sinne met "en"

Dit was warm. Ons het gaan swem.

(1)

Lees die onderstaande paragraaf.

9. Elke vier jaar, neem die wêreld se beste atlete aan die Olimpiese Spele deel. Lande van regoor die wêreld neem deel. Die Olimpiese simbool bestaan uit vyf ringe wat die vyf vastelande wat hul beste atlete stuur, uitbeeld. Alle wenners ontvang 'n goue medalje.


9.1 Voltooi die onderstaande paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul.

Die Olimpiese Spele word elke _____ jaar vir die _____ sportmanne en vroue van die wêreld aangebied.

(2)

10. 10.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.
Gee die manlike vorm van dogter.
- A broer
 - B meisie
 - C suster
 - D seun
- (1)
- 10.2 Vul die ontbrekende woord in die oop spasie in.
Die teenoorgestelde geslag van bul is _____.
- (1)
11. Omkring die letter met die korrekte antwoord.
Identifiseer die voornaamwoord in die onderstaande sin.
Die meisie het haar in die klaskamer beseer.
- A meisie
 - B klaskamer
 - C haar
 - D beseer
- (1)
- 12.1 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.
John is die _____ seun in haar klas.
- A mees langste
 - B langer
 - C lank
 - D langste
- (1)
- 12.2 Vul die ontbrekende woord in die spasie in.
koud _____ koudste
- (1)
- 12.3 Onderstreep die korrekte antwoord in die onderstaande sin.
My ouma is die (ouer/oudste) persoon in ons familie.
- (1)

13. 13.1 Skryf 'n woord neer wat dieselfde betekenis het as die onderstreepte woord.
Die meisie is baie gelukkig.
_____ (1)
- 13.2 Skryf in die oop spasie 'n woord wat dieselfde betekenis het as "groot".
_____ (1)
14. Skryf die onderstaande sin oor deur die korrekte leestekens te gebruik.
- 14.1 jerry het lemoene appels en piesangs gekoop
_____ (1)
- 14.2 het jy jou tuiswerk gedoen
_____ (1)



15. Lees die teks in die onderstaande praatborrels.

15.1 Vul die ontbrekende woorde in die onderstaande paragraaf in.

Ons benodig bome. Bome gee vir ons:

15.1.1 _____

en 15.1.2 _____. Mense gebruik bome om

15.1.3 _____ te maak. Bome is belangrik vir diere omdat



dit 15.1.4 _____.

(4)

15.2 Bestudeer die onderstaande prentjies.

Skryf ses sinne waarin jy vertel waarom bome so belangrik vir mense en diere is.

(4)



TOTAAL: 20